akademia

jou toekoms, in jou taal

Werwingsbestuurder

Centurion

Die pos is in Centurion gebaseer. Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die werwing van voornemende studente vir Akademia. Om vir die pos in aanmerking te kom, word ’n toepaslike graad asook drie tot vyf jaar se ondervinding in ’n bestuursomgewing benodig. Die geskikte kandidaat moet ook oor ’n geldige rybewys beskik en moet ’n eie voertuig hê.

Daar sal van die posbekleër verwag word om ’n wye spektrum van werwings- en bemarkingsfunksies vir Akademia te vestig, te implementeer en te bestuur, wat onder meer insluit skolebemarking, personeelbestuur en ontwikkeling, die koördinering en reël van funksies, insette met sosialemediaveldtogte, die bou van verhoudings met Akademia se teikenmarke wat skole en die sakegemeenskap insluit, asook verskeie ander aspekte wat met kommunikasie en die skakelwese verband hou. Daar word ook van die kandidaat verwag om te reis en moontlik uit te slaap.

’n Portefeulje met sterk bemarking- en/of kommunikasie-ervaring, kennis van sosiale media en die vaardige gebruikmaking daarvan sal in kandidate se guns tel.

Belangstellendes kan ’n Afrikaanse CV (geen sertifikate nie) aan Paul Vogel by paulv@akademia.ac.za stuur. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 17 Maart 2017.

Indien u nie binne drie weke ná die sluitingsdatum terugvoer ontvang nie, kan u aanvaar dat ander kandidate vir die pos oorweeg is.